

Nico van
Gijsen



Raad met jou rande

Die afgelope weke is ek omtrent gepeper met vrae van lesers oor waar om te belê in 'n mark wat nou nie juis watwonderse opbrengste gelewer het nie.

Ek wonder hoeveel van hulle gaan luister na my raad: Doen liever niks.

Bygesê, natuurlik hang dit af of jy van die begin af in die regte beleggingsportefeulje belê is vir jou behoeftes en omstandighede. Of jy in die regte fondse belê is en of jy jou op sleeptou laat neem het deur produksmouise se beloftes van hemelhoë opbrengste in tye toe dit goed gegaan het. Hierby sluit ek in daardie breindood-raad van sekere raasbekke so twee jaar gelede om al jou geld in die buiteland te belê.

Terloops, dit was nogal opvallend hoe die al-jou-geld-in-die-buiteland-skreukommando stilstuip gekry het toe die werklikheid en die wisselvalligheid van markkragte begin intree. Ek wonder terselfdertyd ook of diegene wat so met hoë opbrengsfondse gesmous het dieselfde mense is wat nou, nadat die mark sy knou gekry het, aanbevelings maak om geld in kontant in te skuif.

Dit as wegspring. Kom ons kyk kortliks hoe lyk die beleggingswêreld daarbuite.

'Alles' is nooit goed

Oor die sesmaande-tydperk tot einde Junie vanjaar het die S&P 500 indeks met 20% gedaal. Dit is sy swakste ses maande in 60 jaar. Die VSA se tesourie-effekte had sy swakste ses maande in 234 jaar. Suid-Afrikaanse aandeel daarenteen het met 'n kamele 8% gedaal, met RSA-effekte net 2% laer.

Waar wou jy liever jou geld gehad het? Kom ons kyk na die hede, die begin van (hopelik) die herstelfase.

In die jaar tot op datum (26 Augustus) het SA aandeel 'n negatiewe -2,3% groei getoon. Wêreldaandeel (MSCI in dollarwaarde) het 'n skouspelagtige negatiewe -15,8% gelewer. Oor 'n jaarperiode staan

SA aandelemark oor 3 jaar

RAND

180 000

160 000

140 000

120 000

100 000

80 000

Des. 2018

Jun. 2019

Des. 2019

Jun. 2020

Des. 2020


Jun. 2021

Des. 2021

Jun. 2021

Bron: Ninety One

— Behou jou belegging
— Verkoop en behou die kontant
— Verkoop en herbelê 'n jaar later



SA aandelemark oor 15 jaar

RAND

500 000

400 000

300 000

200 000

100 000

0

2006

2007

2008

2009

2010

2011

2012

2013

2014

2015

2016

2017

2018


2019

2020

2021

Bron: Ninety One

— Behou jou belegging
— Verkoop en behou die kontant
— Verkoop en herbelê 'n jaar later



Die waarde van niks doen

Dalende mark bied geleentheid vir terugsit, of om dan nog meer te belê

SA aandeel reeds by 'n positiewe 9,6% groei teenoor die wêreldaandegroei van 'n negatiewe -12,8%.

Nee, moenie 'n fout maak, soos ek sien sommige wil aflei uit my standpunte nie.

Ek speel nie die een (SA aandeel en buitelandse aandeel) teen die ander af nie. Jy het beide in jou portefeulje nodig.

Dis die "alles in die buiteland" waarmee ek 'n probleem het.

Dis kortsigtig, soos die syfers vir ons wys, en ek reken dit word grootliks gedryf deur selfsugtige eiebelang.

Dit word alles gesê om 'n nader-aangeheelprentjie as agtergrond te skets.

Kom ons kyk nou na die vraag: My beleggingswaarde het gedaal, wat moet ek doen?

Tyd belangriker as tydsberekening

Met die voorwaardes hierbo in gedagte, doen niks. Laat ons leer uit die geskiedenis.

Met die wêreldwye finansiële krisis in Mei 2008 het die mark oornag 32% in waarde verloor. Paniekerige makelaars het hul kliënte se geld geskuif na "veiliger" kontantbeleggings.

Dit het die mark 29 maande geneem om te herstel tot by sy spits in Mei 2008.

Daarteenoor moes diegene wat in kontant belê en daar gebly het, nege jaar wag voordat hul beleggingswaardes gelyk

kon trek met waar dit in Mei 2008 was. Moenie nou in hierdie slagtrap trap nie.

Kyk na die grafieke hierby wat ek van die beleggingshuis Ninety One aangevra het oor spesifiek die gevolge van geld skuif en herbelê teenoor vasbyt.

Die eerste wys vir ons die FTSE JSE-indeks van alle aandeel oor die tydperk van 15 jaar tussen 2006 en 2021. As jy daarin belê het en niks gedoen het nie, sou jou belegging van R100 000 nou bykans R500 000 werd wees. Dit teenoor net sowat R300 000 as jy jou geld onttrek en 'n jaar later herbelê het. En onder R200 000 as jy jou geld onttrek, in kontant belê en daarin gebly het.

Die tweede grafiek wys dieselfde, maar oor die afgelope drie jaar. Met dieselfde gevolg.

Wat sê dit vir ons?

Eerstens, as jy wil hê jou geld moet groei, belê jy 'n goeie deel daarvan in aandeel. Tweedens, belangriker byna as enigiets anders (met inagneming van my voorwaardes hierbo), as jy spaar vir die lang termyn is tyd in die mark belangriker as tydsberekening met die mark.

Doen nou liever niks.

Hier is 'n trooswoordjie ook vir die te-neergedruktes. As jou belegging nou nie juis die afgelope jaar of wat presteer het nie, kyk na jou fondssamestelling. As jy in 'n goed gediversifiseerde portefeulje

belê is, sal jy sien dis dalk 'n enkele fonds of twee wat die hele belegging laat sleg lyk, terwyl die ander fondse juis daar is om jou teen 'n kwaai markdaling te beskerm.

Albei fondstipes het hul werk gedoen. Die konserwatiewe een beskerm en die meer aggressiewe een sal weer sorg vir groei wat inflasie kan klop oor tyd. Jy het albei nodig.

Belê nou

En as jy nou los geld het? Wag dat die mark herstel, hoor ek sommige sê.

Laat ek antwoord deur oor te neem van die tema vir die Finansiële Beplanningsinstituut van Suid-Afrika (FPI) se jaarlikse kongres wat in Oktober gehou word: "Die tyd is nou."

Moenie wag totdat die markte herstel het nie. Jy gaan die groeigeleentheid mis.

Kyk na die grafieke en statistieke wat ek hierbo noem.

Slim beleggers belê wanneer ander weghardloop. Die tyd is nou.

■ Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen